From Cape Town N1:

- Travel on the N1 towards Paarl/Worcester from Cape Town
- Take the R44 turn-off.
- When you enter Wellingtong drive along Champagne Street until you reach a T-junction.
- Turn left towards Wellington (Bainskloof Pass)
- When you see the church on your left-hand side, turn right into Church Street.
- Continue on this busy road until you are out of the town and in the agricultural area.
- Pass Bovlei Wine Cellar on your right hand side.
- Just carry on towards Bainskloof Pass for approximately 1 kilometer till you see Klein-evalleij on your left hand side.

Maart 2010

No 30

Koejawel Nuus

Koejawel Produsente Vereniging
Guava Produsers Association

Hoofstraat 258 Main Road
PAARL 7646
Posbus 426 P O Box
PAARL 7620

☎ [021 872-1501
Fax [021] 872-2675
: victor@guavas.co.za
: www.guavaproducers.co.za

Editor /Redakteur : **Wiehahn Victor**

Inhoudsopgawe / Index

		Bladsy
1.	Inhoudsopgawe	1
2.	Uitnodiging na Algemene Jaarvergadering	2
3.	Bedryfsaangeleenthede	3
4.	Klagte deur Breede Valley Processors	4
5.	Boomsensus	5
5.	Nominasie van Bestuurslede	6
7.	Sakelys	7
8.	Notule	8—11
9.	Kaart	12

UITNODIGING

U word hartlik uitgenooi na die

Algemene Jaarvergadering & Inligtingsdag

van die

Koejawel Produsente Vereniging

DATUM : **Maandag, 12 April 2010**

TYD : 17:00

PLEK : **Kleinevalleij**
(L.W!!!!) WELLINGTON

ETE : Ete na afloop van die vergadering

RSVP : **Vóór Woensdag 6 April 2010**
Telefoon : [021] 8721501

SAKELYS, NOTULE & ROETEKAART
OP Bladsye 7 tot 12

9. VERKIESING VAN DIE BESTUURSLEDE

Die Bestuurder, W Victor, lig die vergadering in dat daar geen nuwe nominasies ontvang is nie.
Die volgende persone sal die streke verteenwoordig.
Die Bestuur van die Vereniging word as volg goedgekeur.

STREEK	LEDE	PERSONE
Porterville	1	C C van der Merwe
Paarl	1	A J Joubert
Wellington / Dal Josafat	1	G R Joubert
Kraaifontein / Stellenbosch	1	J J P Uys
Mosselbaai	1	Billy Robertson
Addisionele Bestuurslede		Willie Visagie P J Malherbe

10. ALGEMEEN

10.1 BOOMPLANT

Dr Johan van Zyl gee ‘n oorsig oor die Gedenktuin en die redes vir sy bestaan. Mnr Grobbelaar gee ‘n oorsig oor die Madeira boom wat in die gedenktuin geplant gaan word.
Die boomplant geleentheid word deur mnr Grobbelaar waargeneem.

10.2 BORGE

Dank aan Ceres Fruit Processors wat ‘n gedeelte van die funksie-uitgawes dra.
By die ete word van mnr C Grobbelaar afskeid geneem. ‘n Portret van mnr Grobbelaar wat deur Fred Mouton gedoen is, word aan hom oorhandig.

Die vergadering verdaag om 18:15 vir die boomplant geleentheid en ete daarna.

_____ _____
VOORSITTER DATUM

7. GENERIESE PROMOSIE VERSLAG

Die Bestuurder, mnr Victor doen verslag oor die Generiese Promosie wat die afgelope jaar gedoen is.
Dit is baie positief en volgens berekenings is 17.1 miljoen persone bereik met die boodskap. As die lesersgetalle omgesit word in geldwaarde is dit R2,3 miljoen.

8. VOORSITTERSVERSLAG

Die Voorsitter, mnr C Grobbelaar verwelkom die verwerkers en ook die persone van die Noorde wat die vergadering bywoon.
Hy lewer die Voorsittersverslag. Die volgende word gerapporteer :
17 500 ton koejawels is verwerk.
± 5 000 ton is vars verkoop.

Die oes wat verwag word, word op dieselfde tonnemaat as die vorige seisoen bereken.

RIGLYNPRYSE

R1350 vir sap
R1550 vir inmaak

Die produsente word aangeraai om self te onderhandel vir koejawelpryse en volumes.

Mnr A J Joubert bedank die Voorsitter, Bestuurder en Sekretaresse vir goeie diens gelewer.

Mnr van Rooyen van Mooinooi rapporteer dat die noorde 12 000 ton koejawels produseer waarvan ± 5 000 ton na die varsmark gaan.

BEDRYFSAANGELEENTEDE

SPUITSTOF ONTLEDINGS

Die Vereniging wil produsente weereens herinner dat monsters vir chemiese spuitstof ontleding getrek sal word in die komende seisoen. Alle lewerings van koejawels sal hieraan onderhewig wees en u ernstige aandag aan die saak is nodig.
Die bedryf gaan ook weer hierdie jaar vir swaar metale ontledings laat doen.

LEDEHEFFINGS

Produsente met uitstaande ledegelde vir 2009 vir koejawels wat vars bemark is, moet dit asseblief tydens die Algemene Jaarvergadering oorbetaal of in die Vereniging se rekening inbetaal.
ABSA Bank, Paarl, Rekening No. 400 159 459.
U ondersteuning vir u Vereniging word waardeer.

GENERIESE PROMOSIE

Die Bestuurder sal tydens die Algemene Jaarvergadering volledig verslag doen oor die Generiese Promosie program wat in 2009 vir koejawels gedoen is. Lethu Marketing het die opdrag gekry om die koejawel se goeie eienskappe so wyd as moontlik aan die verbruiker bekend te stel.

Die reklame veldtog was 'n reuse sukses vir die bedryf gegewe die beskikbare fondse wat gespandeer is. Volgens berekeninge is meer as 6 miljoen mense bereik deur koerante, tydskrifte, publikasies, radio en tv.

Die koejawel het homself verkoop!!!!!!

KLAGTE DEUR BREEDE VALLEY PROCESSORS

Breede Valley Processors het 'n klagte gelê by die Mededingings Kommissie teen Boland Pulp en die Koejawel Produsente Vereniging. Ons Vereniging moet nou voor die Kommissie verskyn en sekere inligting en dokumentasie verskaf en dieselfde geld ook vir Boland Pulp. Die klagte gaan oor beweerde prysbinding tussen die partye.

Die ondersoek deur die Mededingings Kommissie na die Koejawel Industrie vind tans plaas en die Bestuurder, mnr W Victor, is gedaag om op 7 April 2010 in Pretoria voor die Kommissie te verskyn. Die kennisgewing is uitgereik in terme van Seksie 49A van die Mededingings Wet.

Ons eie Webwerf

Www.guavaproducers.co.za

Our own e-mail address

victor@guavas.co.za

6. FINANSIëLE VERSLAG

6.1 GEOUDITEURDE STATE SOOS OP 28 FEBRUARIE '09

Mnr Wiehahn Victor bespreek die geouditeurde state
Die volgende bedrae is uitgelig :

Vrywillige heffings	R 148 834
Rente	R 36 219
Bedryfsuitgawes	R 189 417
Netto Surplus(-tekort)	(- R 4 363)
Balansstaat Saldo	R 433 750

Die geouditeurde state word goedgekeur en onderteken.
(Mnr A J Joubert stel voor & mnr W Grobbelaar sekondeer).

OUDITEURE

Die ouditeure Broodryk De Villiers van Wellington word weer goedgekeur vir die volgende jaar.
Mnre A J Joubert stel voor en W Grobbelaar sekondeer.

HEFFINGS

Heffings vir die volgende seisoen sal dieselfde bly as die vorige jaar nl.

R4-00	per ton van die produsent
R4-00	per ton van die verwerkers

ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 20 APRIL 2009 OM 17:00 TE LNR, Infruitec, STELLENBOSCH

1. OPENING & VERWELKOMING

Die Voorsitter, mnr C Grobbelaar heet almal welkom en spreek die vergadering se simpatie uit teenoor die volgende persone met spesifieke belang in die Koejawel-bedryf wat in die jaar oorlede is :

Rozéllé Uys
Tienie Malan – Wellington
Gawie (Dal) Malherbe

'n Minuut van stilte word uit eerbied betoon.

3. TEENWOORDIGHEID & VERSKONINGS

Die vergadering word deur 48 persone bygewoon.

4. NOTULE VAN VORIGE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die notule van die Algemene Jaarvergadering gehou op 14 April 2008 is aan die produsente versprei en word as gelese aanvaar. Mnr P J Malherbe stel voor dat die notule korrek is, mnr A J Joubert sekondeer. Die notule word goedgekeur en onderteken.

5. SAKE UIT NOTULE

Geen sake uit die notule vir bespreking

BOOMSENSUS

Die laaste boomsensus om die hoeveelheid hektare van koejawelbome te verkry is in 2006 gehou. Hierdie opname het getoon dat Wes-Kaap 217 563 bome en 510.97 hektare onder koejawels het.

Die Bestuur het besluit dat dit nodig is vir goeie beplanning om weer 'n opname onder produsente te hou.

Produsente se samewerking word hiermee gevra om akkurate syfers vir die bedryf te bekom. 'n Opname kan net so goed wees as wat die korrekte inligting is wat verkry word. Elke produsent sal eersdaags 'n sensusvorm ontvang om in te vul en terug te stuur.

U samewerking word waardeer. Die Vereniging wil graag bydra om 'n suksesvolle winsgewende bedryf oor die langtermyn te bou en hiervoor is betroubare inligting nodig.

NOMINASIES VIR BESTUURSLEDE

Elke lid van die Koejawel Produsente Vereniging het reg tot nominasie van Bestuurslede. Vir die doel word 'n aparte nominasie vorm hiermee aangeheg.

Tans word die onderskeie streke deur een persoon elk verteenwoordig. 'n Verdere aantal persone, tans twee, word deur die Algemene Jaarvergadering verkies om koejawels in die algemeen te verteenwoordig. Volgens die Grondwet van die Vereniging kan 'n maksimum van drie persone as verkose Bestuurslede verkies word.
Die Bestuur het dan die verdere reg tot koöptasie van twee lede.

Nominasie vorms moet behoorlik deur twee persone onderteken word. Gebruik u demokratiese reg!

Skriftelike getekende nominasies vir die bestuur kan gedoen word en moet die kantoor van die Vereniging voor die vergadering bereik.

ALGEMENE JAARVERGADERING OP
MAANDAG 12 APRIL 2010 OM **17:00** TE
KLEINEVALLEIJ, WELLINGTON

SAKELYS

1. Opening
2. Verwelkoming
3. Teenwoordigheid & Verskonings
4. Notule van vorige Algemene Jaarvergadering gehou op 20 April 2009
5. Sake uit Notule
6. Finansiële Verslag - Mnr Wiehahn Victor
7. Generiese Promosie Verslag - Mnr Wiehahn Victor
8. Voorsittersverslag - Mnr Dos Joubert
9. Bespreking van Bedryfsaangeleenthede
10. Verkiesing van Bestuurslede
11. Algemeen

A J Joubert
VOORSITTER